EK MIS OOM BLACK OOK

Piet Strauss, Bloemfontein

Ek het Blou Willem Theron se *Ek mis Oom Black en die ander ooms* (02:06:2011) met groot genot gelees. Al was Blou Willem destyds in Reitzkamerwonings en ek in Malhuis en al was vreedsame buurskap die twee huise nie beskore nie. Met Willem sou die bande tot vandag toe bly.

Oom Black was in daardie jare – hoe lank terug dit is, is nie nou ter sake nie – die kanselier van Kovsieland. Ons Vrystaters het van president CR Swart ook as Oom Doempies, self geen aap nie, van die plaas De Aap by Brandfort gepraat.

My kontak met Oom Doempies het nie soos die van Willem in 1961 begin nie, maar in 1966, by sy aftrede as staatspresident. Soos met sy inhuldiging op 31 Mei 1961 op Kerkplein in Pretoria, was dit weer 'n reënerige dag. Hy sou met 'n funksie op die Vrystaat Stadion aftree. Die reën het ons egter na die Bloemfonteinse Stadsaal gejaag. Ek was in St 7 op Reitz en deel van 'n Skolekoor wat hom toegesing het: *When you have come to the end of a perfect day*.

Met die terugry is die bekende swart *Cadalec* net buite Brandfort en voor De Aap se uitdraai, by ons bus verby. Op pad na die huis toe, val hulle in die modder van die plaaspad vas. Ons 35 koorlede uit Reitz kon ons geluk nie glo nie: ons moes hom uitstoot tot op die plaaswerf. Die meisies met hulle voete sonder skoentjies, maar steeds in sykouse, die seuns met opgerolde moue, lang broeke en kaalvoete. Op De Aap het Tant Nellie vir koffie en beskuit gesorg. Oom Black het met elkeen op ons vlak gesels. Die volgende week het ons elkeen 'n dankie-sêkaartjie in sy eie handskrif gekry. Ek het dit nou nog.

Die Kovsie SR het destyds elke jaar by by Oom Blackhulle gaan eet. Hy het geweet ek wil predikant word en dat ek vir Teologie Pretoria toe wou gaan. Kovsies se Fakulteit Teologie ontstaan eers in 1980. In my eerste week in Sonop by UP kry ek toe van hom 'n vaderlike en vermanende brief: Wees 'n voorbeeld vir ander as jy predikant word! Ek het dit ook nou nog!

In die jare wat gevolg het en waarin ek om die hand van 'n Kovsiemeisie geywer het, het ek dikwels by hulle op De Aap aangegaan. Later het ek sy spore ook op Doornkloof, plaas van die Vrystaatse Voortrekkers, gekry. Hy is dood in 1982. Letterlik en figuurlik was hy 'n groot man. Maar, hy was soos Willem sê: plat op die aarde met 'n skerp insig en sterk geheue. In sy eenvoud 'n adellike Afrikaner.

Willem, ek mis Oom Black ook.